

Gereformeerde Kerk Vanderbijlpark - Trinitas
2019-04-28
Oggenddiens

Johannes 18:28-40
HK Sondag 48

Christus se koninkryk troon ver bo hierdie wêreld

Inleiding:

- Ons kom al hoe nader aan die verkiesingsdag van 8 Mei.
 - Oral op die televisie en die radio hoor ons die propaganda en advertensies vir wie ons moet stem.
 - Slaan terug.
 - Stem vir verandering.
 - Grond vir almal.
- En saam met al hierdie advertensies het baie geloofsgroepe ook op die wa gespring.
 - Christene word opgeroep om sigbaar in die openbaar te wees.
 - Visioene en profesieë word uitgespreek en rondgestuur op whatsapp wat vertel hoe God 'n eerlike godvresende regering na vore gaan bring.
 - Op alle gebiede gaan dit in ons land goed gaan, want God gaan weer 'n christelike regering aan bewind laat kom.
 - Maar in al hierdie visioene en profesieë wat mense kwansuis ontvang, word geen teksgedeelte genoem nie.
 - Daar word gepraat van gebede en God het met mense gepraat, maar die woord van die Here word nie eenkeer genoem nie.
 - Die gevolg is dat daar 'n verkeerde indruk geskep word van wat Christus se koninkryk is.

Christus se koninkryk is nie 'n aardse koninkryk nie

- Christus sê self dat sy koninkryk nie van hierdie wêreld is nie.
 - Dit beteken Christus se koninkryk is anders.
 - Dit is anders as wat ons dit in ons menslike en aardse bestaan dit verstaan.
 - Hy is nie 'n koning wat op 'n fisiese troon sit en in 'n fisiese aardse paleis bly nie.
- Christus is nie 'n president of 'n eerste minister wat politiese besluite maak oor grondhervorming en belasting nie.

- Christus se koninkryk strek baie wyer as net 'n land.
- Hy is die ewige groot koning.
 - Hy regeer oor hemel en aarde.
 - Alles is onder sy heerskappy.
- Maar kom ons vat 'n oomblik en speel duiwelsadvokaat.
 - As Christus wel 'n aardse koning is en sy regering 'n aardse regering is, dan is die gevolge dat Christus fisies teenwoordig moet wees in sy paleis.
 - As Hy die aarde regeer dan moet Hy fisies op die aarde wees.
 - Hy troef dan alle lande se reëls en wette en alle presidente en konings is dan nie werklik in hulle ampte nie.
- As alles dan nou op aarde perfek en wonderlik moet wees, dan is daar geen rede hoekom 'n wederkoms nodig is nie.
 - Dan is die belofte dat Christus terugkom, 'n gebeurtenis wat vir ons bloot ongerieflik gaan wees.
 - Hy gaan terugkom en ons ontnem van alles wat goed en lekker hier op aarde gaan wees.
 - As Christus 'n aardse koning is en hierdie heerskappy nou bevestig gaan word deur 'n godvresende regering, dan het Paulus gejok toe hy al die verskeie gemeentes vir wie hy geskryf het, gewaarsku het teen die afvalligheid wat na vore gaan kom.
- Die dryfkrag dat Christus 'n aardse koning is, kom uit die oplewingsbeweging.
 - Daarom kom daar in baie van hierdie valse boodskappe die gedagte van “revival” of “oplewing” na vore.
 - Baie van hierdie boodskappe lê in persoonlike ervaring en belewenisse wat in stryd is met dit wat die woord van die Here vir ons leer.
 - Daarom word ons bewus van Christus se koningskap en sy koninkryk vanuit die woord uit.
 - Christus self het vir Pilatus gesê dat sy koninkryk nie van hierdie wêreld is nie.
 - Daarom leer Christus ons ook om te bid “laat u koninkryk kom”.
- Ons bid dat die hemelse heerlikheid en koninkryk van Christus net so ook op aarde sal wees soos wat Hy nou ook reeds regeer.
 - Nêrens anders word ons so duidelik van Christus se koninkryk en regering geleer as in sy woord self nie.

Christus regeer ons deur sy woord

- In Sondag 48 bely ons dat die bede van Christus se koninkryk juis ons oproep om Christus se regering deur sy Gees en woord te soek.

- In 2 Timoteus 3:16 lees ons dat die hele woord van God deur die Gees geïnspireer is.
 - Daarom is die woord van God so 'n duidelike manier waarop God ons nou juis al regeer.
- Om deur die woord van God regeer te word, beteken dat ek dit wat die Bybel sê, veel hoër ag as wat enige visioen of profesie of whatsapp kettingboodskap sê.
 - Daarom wanneer Christus self sê in Johannes 15:18 dat die wêreld ons haat omdat hulle Christus eerste gehaat het, bevestig dit by ons die realiteit van vervolging en breek dit verder die dwaalleer af van die oplewingsteologie.
- Ons is deel van die Gereformeerde kerk.
 - Daarmee erken en bely ons dat Christus die kerk regeer en bewaar deur sy woord.
 - Die woord gereformeerde of reformasie beteken dat ons teruggaan na die woord van God toe.
- Dit is ons norm.
 - Dit bepaal vir ons wat die waarheid is.
- Maar in die wêreld sien ons duidelik dat die Bybel nie meer as die absolute waarheid gesien word nie.
 - Wetgewing oor abortie en die huwelik is duidelik teenstrydig met dit wat die woord vir ons leer.
 - Ons kan sien aan krimpende kerkgetalle en swak bywoning dat die Skrif nie meer die fokuspunt is van wat reg en verkeerd is nie.
 - So poog die Satan en die wêreld om daagliks te stry teen die regering van Christus.
 - As die woord waardeur Christus regeer, ongeldig gemaak word, dan word daar gepoog om Christus se regering ongeldig te maak.
 - Daarom kan ons alles ook toets aan die woord van God.
 - As iets teenstrydig is met dit wat in die Bybel staan, dan kan dit nie waar wees nie.
- Daarom word ek en jy opgeroep om te getuig van Christus se regering deur die waarheid van die woord uit te dra.

Verkondig Christus se regering deur sy woord te verkondig

- Die woord van die Here is die evangelie omdat dit die waarheid is.
 - As iets nie waar is nie, kan dit nie vir ons goeie nuus wees nie.
- Daarom moet ek en jy die waarheid verkondig.
- Christus se koninkryk is nie van hierdie wêreld nie.
 - Maar dit is soveel beter.

- Christus se koninkryk is die belofte dat Hy altyd sy kerk sal regeer en sal bewaar.
 - Christus se koninkryk is die versekering dat geen opstand of politieke revolusie die regering van Christus kan keer nie.
 - Die tyd sal aanbreek wanneer elke knie sal buig en elke tong sal bely dat Jesus Christus die koning is.
- Dit roep my en jou op om te praat oor reg en verkeerd.
 - Ek en jy kan nie maar net 'n blinde oog en dowe oor draai daar waar ons duidelik sien en hoor dat daar verkeerd opgetree word nie.
- Christus maak dit vir Pilatus duidelik dat sy eie mense hom nie sou oorlewer as Hy 'n aardse koning was nie.
 - Baie mense tree op onder die naam van Christenskap en verkondig 'n evangelie wat in stryd is met dit wat die Bybel sê.
 - Daar moet ek en jy die regstelling kan maak.
- Ons deel in Christus se koningskap en daarom moet ons dit wat die koning sê verkondig.
 - Hy verdra nie die sonde nie.
 - Hy regeer.
 - Hy oordeel oor reg en verkeerd.

Slot:

- Die laaste paar weke sien ons hoe verskeie kerkgeboue afgebrand word.
 - Christene in Nigerië word lewendig verbrand.
 - Christene in Sri Lanka word deur terroriste aangeval.
- Lyk dit soos 'n vredevolle wêreld waar alles net goed gaan en dit maklik is om 'n gelowige te wees?
 - Is dit hoe dit lyk waar Christus die aardse koning regeer?
- Jesus Christus ons ewige hemelse koninkryk kom.
 - Dit verseker ons en troos ons in die tye wanneer ons deur die wêreld gehaat word omdat ons die woord van die Here uitdra.
- Oplewingsteologie lyk op die korttermyn soos goeie nuus, maar vir die ewigheid laat dit jou hopeloos en fondamentloos omdat die woord vir jou geen waarde het nie.
 - Hoewel ons nou verdruk word en duidelik die sondigheid van die wêreld sien, weet ons dat die tyd sal aanbreek wanneer ons koning kom en ons vir ewig sal deel hê aan sy koninkryk.